

Saterdag 30 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 13:1-10

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 13:5

Wie is sigbaar in jou konflik – jy of Christus?

Konflik tussen gelowiges, ook tussen predikant en gemeentelede, is ongelukkig nie ongewoon nie. Paulus skryf hierdie brief nadat daar versoening gekom het in die konflik tussen hom en die gemeente in Korinte. Daar is egter mense in die gemeente wat steeds in opstand mor. Paulus waarsku dat hy die krag van Christus sal laat geld by sy komende besoek. Rebelle teen Paulus, as die gestuurde van Christus, is rebelle teen Christus self.

Ons glo dat die predikant in die gemeente ook deur Christus gestuur is. In Openbaring 1:20 lees ons dat Christus die leraars gebruik en dat hulle sy boodskappers is. Tog moet predikante nie te gou op hulle roeping aanspraak maak in konflik nie. Konflik met Christus se gestuurde is konflik met Christus slegs in soverre die predikant nét Christus verkondig (1 Kor. 1:2) en Christus se karakter van nederigheid, selfverloëning, liefde en vergewing uitleef.

Paulus roep alle partye in konflik op om hulleself te ondersoek – gemeentelede en predikant algar. Leef jy in die geloof? Is Christus sigbaar in jou reaksie en jou optrede in die konflik? As dit nie so is nie, dan dop jy die geloofstoets.

Deur sy gestuurde apostel roep die Here ons almal op om die toets te slaag en nie verkeerd op te tree nie. Sonder om die waarheid prys te gee, moet dit duidelik sigbaar en hoorbaar wees (ook in privaatheid en selfs in ons gedagtes) dat Christus in ons leef. Terwyl ons vasgenael op Jesus fokus, verander die Heilige Gees ons om Jesus al meer en meer ten toon te stel – ook in ons verskille onder mekaar.

Ondersoek jouself in die konflik wat jy in jou lewe het. Mag die Here jou verander om die toets te slaag dat Christus sigbaar sal wees in en deur jou lewe.

Sing: Psalm 34-1:7

Ds. AJ Burger (Andries) (Pinetown)